Jaargang 13 Nuusbrief 1 19 Januarie 2012

FlorrieFokus

Posbus 500, Florida Hills 1716
E-pos: florries@iafrica.com
Webwerf: www.florries.co.za

Tel: 011 672 5345 / 6
Faks: 011 672 5246
H/v Louis Botha en Havingastraat

PnA Colour your World...
WIMPY ENJOY EVERY MOMENT
ACTION
UNIVERSITY OF JOHANNESBURG
Accountancy@UJ

Geagte Ouers / Voogde en Florries

Dit is 'n groot voorreg om al ons ouers, Florries en personeel hartlik terug te verwelkom vir die 2012-skooljaar. Mag 2012 vir elkeen van u 'n geseënde jaar wees.

'n Besondere woord van welkom aan alle nuwe Florries en hul ouers. Van die graad 8's het reeds begin inskakel en ek glo die res sal ook gou deel voel van hul nuwe skool. Neem deel, wees trots en wees bereid om 'n verskil te maak – die wenresep van menige Florries.

In Psalm 127 lees ons dat die mens tevergeefs sal swoeg en sweet as die Here nie met jou is nie. Met ons tema vanjaar: "Bou, bewerk en bewaar", is my wens dat ons alles sal aanpak met die hulp van ons Hemelse Vader.

PERSONEEL

Die volgende nuwe personeel word hartlik by ons verwelkom:

Naam	Vakgebied
Mnr. Eugene Jonker	Tegnologie en Lewensoriëntering
Mnr. Dewald Botha	Lewenswetenskappe
Mej. Minette Venter	RTT en Rekeningkunde
Mnr. Wi-André Erasmus	Lewensoriëntering
Mev. Natalie Janse van Rensburg	Geografie en SW
Mnr. DeWet Steyn	Lewensoriëntering (sport)
Mej. Anké Luus	Wiskunde
Mev. Jolette Beneke	Wiskunde
Mev. Audrey Roets	Engels
Mej. Lindrie van Heerden	Afrikaans en Lewensoriëntering

Al die bogenoemde persone word net die beste toegewens. Mag u elkeen die warmte en vriendelikheid van die Florrie-gemeenskap ervaar en beleef.

MATRIEKUISLAE 2011

Die matrieks van 2011 het skitterend presteer met 445 onderskeidings en 'n slaagsyfer van 99.7%. Oudergewoonte het die Florries hulself oortref en is daar reeds 20 leerders wat 6 of meer onderskeidings behaal het. Pieter Erasmus (10A's), Lucinda Cowan (9A's), Marais van Wyk (9A's) en Marina Booysen (8A's) is van die toppresteerders.

FINANSIES / HANDBOEKE

Die eerste week word gekenmerk deur die uitdeel van handboeke en gevolglik die gepaardgaande stryd om betaling van die eerste paaiement. Ek herhaal ons finansiële reëlings ten opsigte van die handboeke kortliks:

- Skoolgeld bestaan uit elf paaiemente waarvan die eerste een hoër is as die ander, hoofsaaklik ter wille van veral handboeke, skrifte, eerste skoolbaadjie, dagboek ens. Die eerste paaiement beloop R1 950.
- Handboeke word gehuur, en moet weer teruggegee word. Indien nie, moet u die koste daarvan dra.
- Die reël is dat ten minste die eerste paaiement van u verwag word alvorens boeke voorsien word. Hierdie reëling is nie iets nuuts nie, dit word al 16 jaar gedoen. Tog is daar jaar na jaar onnodige negatiewe insidente met die finansiële kantoordames wat dit moet ontgeld. Hulle doen net hulle werk, soos bepaal deur die Beheerliggaam. Baie dankie, nietemin, aan die oorgrote meerderheid ouers wat betyds met die finansiële kantoor reël in geval van onvoorsiene omstandighede.
- Die res van die paaiemente, asook beloftes gemaak, kan vanaf die einde van Januarie betaal word.

Baie dankie aan alle ouers wat die skool positief gesind is en verstaan dat ons afhanklik is van u finansiële bydrae om te kan funksioneer.

SKOOLSAKE

- Ek vra vriendelik dat die werksplan (dagboek) wat elke leerder ontvang, goed versorg en goed opgepas sal word. Ek stel voor dat dit oorgetrek word met versterkende kleefplastiek. Die leerderrooster moet in die boek geplak word. U kan ook in die boekie notas aan die skool rig, huiswerk kontroleer ens. Indien die boekie wegraak, moet die leerder dit vervang teen koste.
- U sal teen die einde van Februarie die eerste rekeningstate ontvang. Intussen kan u gerus begin om die paaiemente te betaal, of die volle bedrag voor einde Februarie. In laasgenoemde geval ontvang u ook 'n 10% korting. Aansoeke vir vrystelling van skoolgeld moet ook teen die einde van Februarie ingedien word. Hierdie aansoeke moet jaarliks ingedien word, aansoeke vir vorige jare is nie geldig vir 2012 nie. Die vorms is by die finansiële kantoor beskikbaar.
- Aansoeke vir korting vir Gr. 8-leerlinge (met ander woorde Gr. 7 in 2011), gebaseer op Gr. 7-prestasies, moet ook voor einde Februarie ingegee word. Hierdie aansoeke is eenmalig, en kan by mnr. Skip Viljoen of by die kantoor gekry word. Die korting wat u ontvang, sal op die rekeningstaat van u kind gereflekteer word.

AANBOUING BY DIE ADMINISTRATIEWE KANTOOR:

Die groot projek van die jaar begin binne twee weke wanneer die administratiewe kantoor en vooraansig van die skool 'n groot verandering ondergaan. Hierdie projek behoort sowat 6 maande te duur – ek vra by voorbaat verskoning vir die ontwrigting en moontlike ongerief.

Die kantoor sal na die hotelskool, en omliggende area skuif. Daar sal duidelike aanwysings wees om u te help.

Vir die duur van die projek gaan die hoofhek slegs toeganklik wees vir die kontrakteur en sy werkers. Die hek in Havengastraat sal oop wees vir die publiek en besoekers. Ongelukkig sal parkering soggens, en veral smiddae, vir ouers, wat binne die terrein vir hul kinders wag, beslis nie moontlik wees nie. U samewerking in dié verband sal baie waardeer word.

Ek sluit af met die volgende gepaste aanhaling vir die jaar:

"Ywer en uithouvermoë oorwin alle dinge. Volharding maak die onmoontlike moontlik, die moontlike waarskynlik en die waarskynlike definitief".

- Robert Half

Vriendelike groete

M.S. SCHUTTE
HOOF

CSI FLORIDA (Christians Standing In Florida)

Ons nooi spesiaal ons graad-8's en ander nuwe Florries om môre gedurende eers pouse saam met ons saal toe te kom. Adrian Wright kom praat met ons oor Jesus Christus. Maak seker jy's daar!

MATRIEKREüNIES

- Die 1964-matriekgroep beplan 'n 50-jaar reünie vir 2014. Stuur asseblief kontakbesonderhede aan Schalk van Vuuren, 044 695 2138 (T/F) / 083 628 7900 / wilmarcor@telkomsa.net.
- Die 1962-matriekgroep beplan 'n reünie vir DV Saterdag 21 April 2012 by Hoërskool Florida. Vir meer inligting kontak Marnus Steyn (011) 674-5356 / (011) 672-4849 / unified@mwebbiz.co.za / marnussteyn@hotmail.com.

OUDISIES VIR MUSIEKBLYSPEL

Ons beplan om die musiekblyspel "Legally Blond" vanaf 18 tot 21 April 2012 in die Pro Musica Teater op te voer.

Die oudisies vir die musiekblyspel vind reeds Maandag 23 Januarie vanaf 16:00, Dinsdag 24 Januarie vanaf 16:00 en Woensdag 25 Januarie vanaf 16:00 plaas.

Besprekings vir die oudisies word by me. Hesta van Straten gedoen en moet teen 10:00 Maandag 23 Januarie afgehandel wees.

Alle deelnemers hoef nie noodwendig oor al die vaardighede te beskik nie. Daar is ook karakterrolle wat nie hoef te sing of dans nie. Dan is daar oor rolle waar dans belangrik is, maar nie noodwendig toneelspel of sang nie.

Alle leerders vanaf graad 8 - 12 is welkom om te kom vir die oudisies.

BELANGRIKE DATUMS: 20 JANUARIE TOT 26 JANUARIE 2012

Vr	20 Jan	Groentjiekonsert CSI (saal) – spesiaal vir graad-8's Stem vir onderwyser VLR-verteenwoordiger Sluitingsdatum vir appèl gr. 10 & 11 druipelinge
Sa	21 Jan	Gr. 8-Atletiek Potjiekos
Ma	23 Jan	Atletiek: D12-Vergadering (Florida) Oudisies vir musiekblyspel
Di	24 Jan	Interhuis Oudisies vir musiekblyspel Ouervergadering: netbal Netbal: D12-vergadering
Wo	25 Jan	Interhoërvergadering (Zwartkop) GSS Netbalvergadering (Florida) Oudisies vir musiekblyspel Ouervergadering: hokkie
Do	26 Jan	VLR verkiesing (gr. 9 – 11) Kooroefening Koor: ouervergadering (20:00 in saal) Ouervergadering: atletiek

VERJAARSDAE

18 Januarie Mnr. Thian Theunissen

Van harte geluk! Seënwense word u toegewens.

FLORRIES Webwerf: www.florries.co.za

Gaan kyk na die tuisblad regs onder: “Poslys”. Maak seker dat jy en jou ouers hier registreer om die Florrie Fokus-inligting per e-pos te ontvang.

Gedagte vir die Week

Januarie saam met Jesus

Here Jesus,
leer my vanjaar om dag vir dag saam met U te stap
met my hand in u hand.
Dankie vir die versekering dat as ek dit doen,
geen uitdaging vir my te groot
en geen struikelblok vir my onoorkomelik sal wees nie.
Ek wil my hele lewe met vertroue in u hande laat.
Dui vir my die regte pad aan
en sorg vir my in die jaar wat voorlê.
Voorsien asseblief in elkeen van my behoeftes
en wanneer ek by tye twyfel,
stuur die lig van u Woord as lamp op my lewenspad.
Dankie vir die belofte dat U by my sal wees,
dat U my sal ophelp wanneer ek val,
dat U my soos 'n herder sal lei.
Leer my om op U te wag,
om styf vas te hou aan die hoop wat ek bely
omdat ek seker weet dat U sal doen wat U beloof het.
Ek bid dat U my vanjaar deur u Heilige Gees
wat in my woon
in staat sal stel om volgens u voorskrifte te leef
en elkeen van u bepalings na te kom.
Amen

REGISTREER NOU OM JOU GRATIS SPORTFOTO'S EN ARTIKELS TE ONTVANG

Baie, baie goeie nuus!!!
Ons is nou groter, beter en vinniger!
Registreer nou by SHERBIT.NET vir julle gratis sportfoto's en jongmens-artikels!
Kontak: johan@sherbit.net

Dis 'n nuwe Jaar
Dis 'n nuwe Wimpy
Voorspoed vir 2012
Sien julle in Februarie

Wimpy Flora Centre

WIMPY

PATHFINDERS WORKSHOPS

We have a special offer for January

You pay R120 per scholar for a 4 hour session (Group sessions).
You pay R450 per scholar / person for a 4 hour personal session

You will learn the following:

Why first impressions are lasting, Dress for success, Personlity Profiling, Social and Business Decorum, Communication skills, Body Language, Power play, guidance in the corporate enviroment.

joan@coachingacademy.co.za / 073 067 4007

THE RUBBLE GUY
Rommelverwydering
Lewer goeie diens
Skakel Phillip
083 228 3053

JAN'S TREE FELLOWS
Sny en snoei van Bome
Persoonlike Toesig
Skakel Jan
083 260 0186

CJ DU TOIT MATTE

· Muur tot muur tapyte
· Gelamineerde vloere
· Ondervloerverhitting
· Kwaliteit produkte en werkmanskap
· Uitstekende diens
· Waarde vir jou geld

Kontak ons vir 'n gratis kwotasie
Jean du Toit 082 330 0983

Master Maths help leerders van alle ouderdomme (Graad 4 - 12) om hulle wiskundige vaardighede te ontwikkel, in oorleg met die skool kurrikulum.

ontsluit jou **wiskunde**potensiaal

FLORIDA:

072-4557858
083-4568207
011-4729564

floridamaths@gmail.com

master maths
make your mark

www.mastermaths.co.za

EXPLORE PROPERTIES
Experience Excellence

Estelle Schutte
(B.Sc, NHED, CEA, CRS)
OWNER / PRINCIPAL

Cell: 082 460 6864
Hotline: 084 397 5673
Email: stelle@netactive.co.za

DISCOVERY – R1 200 000: Pragtige wooning met 4 slaapkamers, 2 badkamers, 4 leefareas, studeer kamer, oop plan kombuis, 1 motorhuise, 3 motor afdakke, bediende kwartiere met badkamer en buite toilet, potesiaal Vir tuin woonstel, swembad met veiligheids net, boorgat, sekuriteits hekke.	**FLORIDA – R659 000:** Simplex eenheid met 2 slaapkamers, 2 badkamers, 2 ontvangs areas, studeer kamer, kombuis,1 motorhuis, elektriese hekke.	**HAMBERG – R460 000:** Pragtige woonstel in veilige kompleks Bied 2 slaapkamers, 1 badkamer, sit en eetkamer, pragtige kombuis onder dak parkering. Swembad in kompleks, Pragtige en netjiese kompleks.	**HORISON VIEW – R595 000:** Pragtige grond vloer woonstel bied 2 slaapkamers, 1 badkamer, 1 leefarea, kombuis, 1 motorhuis.
DISCOVERY – R945 000: Noord aansig woonhuis met 3 slaapkamers, 1,5 badkamers, 4 leefareas, studeer kamer, kombuis, 1 motorhuis, 3 afdakke, buite toilet, elektriese hekke, alarm stelsel.	**WITPOORTJIE & UITBR. – R795 000:** 'N UITSTEKENDE WONING met 3 slaapkamers met ingeboude kaste, 2 badkamers, 3 leefareas, pragtige kombuis, 1 motorhuis, swembad, Elektriese hekke, alarm stelsel.	**GEORGINIA – R698 000:** Eiendom op bus roete na Florida en skole bied 3 slaapkamers met ingeboude kaste, 1 badkamer, 2 leefareas, kombuis, 1 motorhuis, 1 motor afdak, sekuriteits hekke.	**GEORGINIA – R669 000:** Eiendom op bus roete naby Georginia stasi en skole bied 3 slaapkamers met ingeboude kaste, 1 badkamer, 2 leefareas, kombuis, 1 motorhuis, 1 motor afdak, sekuriteits hekke. Hoek erf met ingang van voor en agter kant van woning.
HONEYDEW MANOR – R820 000 Noordelikke aansig Duplex Meenthuis bied 3 slaapkamers,2 badkamers, 2 ontvangs areas, kombuis met granite blad en onder toonbank stoof, Privaat tuin, sekuriteits hekke, 2 motorhuise, Alarem stelsel, interkom.	**FLORIDA PARK – R1 695 000:** Ongelooflikke huis met 3 slaapkamers, 2 badkamers, 3 ontvangs areas, studeer kamer, kombuis met opwas kamer, 2 motorhuise, 2 afdakke, bediende kwartiere met bad en buite toilet, Topaz swembad, sekuriteits hekke, alarm stelsel.	**DISCOVERY EXT 10 – R1 380 000:** Grasdak huis met 3 slaapkamers, 2 badkamers, sitkamer, eetkamer en tv kamer, studeer kamer, kombuis, 2 motorhuise, 2 afdakke, bediende kwartiere, buitetoilet,Verhitte swembad, Sekuriteits hekke, alarm stelsel.	**HAMBERG – R780 000:** Perfekte huis met lapa en ingeboude braai bied 3 slaapkamers, 1 badkamer, 2 leefareas, groot kombuis. swembad. Elektriese hekke, alarm stelsel.

www.exploreproperties.co.za

Service Excellence • Integrity • Loyalty